Nuusbrief - Noordelike Sinode

verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za of kom **besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Francois Genis****, (h)014-743 3110 of 082 852 9998, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** ***Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

19 Mei 2017
Nr 19/2017

Warm nuus!

NG Kerk se "standpunt oor poligamie"

Dit wil voorkom of die NG Kerk die *vals berig oor die NG Kerk en poligamie* (wat aanvanklik deur Praag versprei is as 'n "grap") net nie kan hokslaan nie. Blykbaar het een van die kleiner Afrikaanse radiostasies daaroor berig.

Vind hiermee aangeheg die amptelike verklaring van Gustav Claassen. Ons heg ook die "amptelike brief" as 'n .pdf apart tot die Verskil aan.

Reaksie op herlewing van Praag 1 April 2016 gekskeerdery i.v.m. NG Kerk se "standpunt oor poligamie"

Op 1 April 2016 het die webtuiste Praag as deel van hul gekskeerdery bepaalde valse berigte versprei oor die NG Kerk se standpunte rondom die huwelik en poligamie. Alhoewel ons weet dat Suid Afrikaners 'n uitsonderlike vermoë het om deur humor te reageer op moeilike sake, het die herlewing van hierdie valse nuus in die afgelope dae die indruk van 'n kwaadwillige beswaddering gelaat. Ons het in April 2016 hierop reageer, maar reageer weer omdat die gerugte skynbaar weer lewe kry.

Ons wil dit baie duidelik maak dat daar geen kommissie in die NG Kerk is wat besig is om oor die moontlikheid van poligame huwelike te werk nie, en daar was nog nooit enige sprake van so 'n kommissie nie. Daar is ook geen gemeente of predikant wat aan enige poligame huwelikseremonies deelneem nie. Alle gerugte hieroor is volledig vals. Alhoewel ons in die NG Kerk diep bewus is van die komplekse aard van vrae oor seksualiteit is ons standpunt duidelik dat die huwelik slegs 'n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou is.

Ons wil lidmate en alle lede van die publiek herinner dat alle verslae en besluite van die Algemene Sinode van die NG Kerk, asook opdragte van die laaste Algemene Sinode wat tans aandag moet verkry, publiek beskikbaar is op ons webtuiste. Die verspreiding van vals berigte het in die afgelope jaar beide internasionaal en plaaslik 'n uiters negatiewe effek op verskeie samelewings gehad. Mag ons almal saamwerk om seker te maak dat die nuus wat ons versprei die waarheid is.

Dr. Gustav Claassen – Algemene Sekretaris Nederduitse Gereformeerde Kerk
16 Mei 2017

Predikante wegbreek 2017

Datum: *27-29 Junie 2017*
Plek: Rock Lodge naby Vaalwater
Koste: Vir die Sinode se rekening!

Ons nooi graag al ons kollegas in die sinode hartlik uit na ons eerste predikante wegbreek vir 2017!

Gedurende dié geleentheid gaan daar ruim tyd vir gesamentlike afpaksessies en Bybelgesprekke en rus wees. Verder wil ons sommer oor ons bediening in die algemeen gesels. Dié geleenthede gaan gestruktureerd, maar informeel van aard wees. Daar gaan tyd wees om sommer net saam te kuier en ook te rus.

Ons **program begin Dinsdag 27 Junie 2017 stiptelik om 11:00** by Rock Lodge waar ons sal tuis gaan. Ons poog om die laaste dag (29 Junie 2017) nie later nie as 16:00 reeds terug te wees by die plek vanwaar onderskeidelik vertrek is. [Lees hier meer...]

Inskrywings geskied per e-pos en wel http://www.predikantewegbreek.yolasite.com *of per e-pos by Fanie Cronje* sicronje@mweb.co.za. Fanie kan ook in verband met enige navrae gekontak word by 083 415-1452.

Sinodale nuus

❖ Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind op *23 Mei 2017* om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
** **Skriflesing**: Handelinge 1
** **Navrae:** Kobus Myburgh (083 227 7185) of Fanie Cronjé (083 415 1452)

❖ Taakspan: Missionale gemeentes

Persone wat belangstel om op dié taakspan te dien, word vriendelik uitgenooi om met **Chris Harris** (Taakspanleier) te skakel by 082 335 1155 of chris.celebratelife@gmail.com.

❖ Sinodale bydraes

In opdrag van die SDR is daar tans 'n taakspan wat die huidige stelsel van sinodale bydraes ondersoek. Persone wat graag insette in dié verband wil lewer kan gerus die leier van die taakspan, **Rehan Rheeder**, kontak by 083 288 7756 of rarheeder@gmail.com.

❖ Skrifinterpretasie en Skrifgesag: Konferensie

– aangebied deur Noordelike Sinode in samewerking met Excelsus. **Sprekers**: *Andries Kritzinger, James Kirkpatrick en André van Niekerk*
Die volgende byeenkoms: *27 Julie 2017* te Brits ... Teken solank die datum aan! Volledige inligting volg later.
6 VBO-punte word verdien! [**Kliek hier** vir die program]
Navrae: Fanie Cronjé, 083 415 1452

❖ Magaliesberg Jeugkampterrein

Spesiale aanbod: 30% af op besprekings vir datums in Junie en Julie asook November en Desember 2017!! **Lees hier meer**...

❖ "Survivorkamp" (Badseloop): 17 - 21 Julie 2017

- **Graad 8 en 9 leerlinge**: Die Noordelike Sinode - Ring van Pietpotgietersrus bied 'n **SURVIVORKAMP** aan vir alle Graad 8 en 9 leerlinge, te BADSELOOP (± 13 km suid van Naboomspruit (Mookgopong). ***Dis 'n avontuur-ervaring, waar ons jongmense net deur dinge wat hul ervaar en doen, meer van hulself en hul talente leer.***
  Ons kamp vind hierdie jaar plaas vanaf Maandag**,** ***17 Julie*** **tot** Vrydag, ***21 Julie 2017*****.**
  Bekende leraars van die NG Kerk wat goed onderlê is, jonk van hart is en die Graad 8/9 kind baie goed ken, tree op as **Geestelike leiers**. Ons gebruik net ons beste en bekwaamste mense om die kamp vir elke jongmens onvergeetlik te maak.
  Die **koste** vir die kamp beloop **R670** per persoon PLUS busgeld van **R120-00** vir die Pietersburg- en Potties bus.

  Navrae: Skakel gerus die kampleier ***ds Wimpie Jordt*** [sel 083 230 2244, epos: kudu@lantic.net]

  Inskrywingsvorms beskikbaar by: ***Me Anita Hurn*** [tel 015 491 3537, faks, 015 491 3537 / 086 547 2382 of e-pos: admin@ngpottiessuid.org.za

  ****
- **"Personeel"**: Ons het ook plek vir 'n klompie jongmense (Matrieks / Studente) om as **"personeel"** saam te kamp. Die personeel kamp vanaf: Saterdag**,** ***15 Julie 2017*** (09:00) ***tot*** Vrydag*,* ***21 Julie 2017*** saam met ons.
  NB: Personeel **moet** die verpligte personeel opleidingsnaweek, van 1*5 en 16 Julie 2017 bywoon!*
  Die **koste** vir dié kamp beloop **R670** per persoon.

Kollega nuus

❖ **In die hospitaal**

André Bartlett [Excelsus] was in die hospitaal vir ‘n mediese prosedure en sterk tuis aan.

❖ **Baie geluk...**

Michiel van der Merwe [Stabilis] het vanaf 28 April tot 12 Mei 2017, Mount Everest (tot by Everest Base Camp) aangedurf ten bate van sy groot passie, naamlik gidshonde. Ons is ook baie bly dat die groep se bagasie en toerusing, wat op pad na Nepal verlore geraak het, ook weer gevind is.

❖ **Emeritaat**

Pieter Oberholzer (Kapelaan, verbonde aan Groenkloof) emeriteer op *28 Mei 2017.*

Gert Badenhorst (Wonderboom-Suid) emeriteer op *30 Junie 2017* en sy afskeidspreek is op 25 Junie 2017.

Leon van Heerden (Rietfontein-Suid) emeriteer op *30 Junie 2017*.

Deon Haumann (Pietersburg) emeriteer op *31 Augustus 2017*.

❖ **Bevestiging**

Dieter de Bruin word op *28 Mei 2017* in die gemeente Pretoria bevestig met opdrag *Verenigende bediening*.

❖ **Verjaarsdagwense** *Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:*

22/05 Stefan Botha [Andrew Murray, 082 873 2528, stefan@drcamp.co.za]
Zelda Massyn [Rustenburg-Moeder, 074 129 3458, zeldamassyn@thevohf.com]
Schalk Naudé [Emeritus, 082 575 5277, cnaude@lindenpark.co.za]
23/05 Johan Erasmus [Emeritus, 072 340 4224, rasmusjc@telkomsa.net]
26/05 Hendrik Barnard [Valhalla-Suid, 083 269 2768, hjjbarnard5@gmail.com]
27/05 Pieter Oberholzer [Groenkloof, 082 332 5782, pieterjanob@gmail.com]
Dewyk Ungerer [Raslouw, 082 572 6463, dewyku@iafrica.com]
28/05 Martiens Swart [Pretoria, 082 416 2247, mjswart@icon.co.za]

****

23/05 Marlene du Toit [Villieria, 012-331 1241, derick@ngv.co.za]
Aneen Naudé [Rietfontein-Noord, 012-331 8449, francois@ngkrn.co.za]

Gemeente nuus

❖ **Wierdapark**: **Elvis Blue optrede**

Wanneer: Vrydag, *26 Mei 2017* om 20:00
Toegang: R140.00
Besprekings: Kerkkantoor 012-654 7944
Adres: Piet Hugostraat 275, Wierdapark, Centurion

❖ **Storie van Hoop**

Thabazimbi en Worcester gemeentes vat hande - Die Thaba-Worcester samewerkingsooreenkoms het ontstaan as ‘n gedagte in Worcester om ‘n gemeente buite hulle grense te nader met ‘n visie van ‘n gesamentlike fondsinsamelingspoging tot voordeel van beide gemeentes se koninkrykswerk. Toe die Here se lig val op ‘n huisgesin uit Thabazimbi wat onlangs na Worcester verhuis het, het die visie begin gestalte kry.

Gesprekke deur die gesin met hulle vriendekring in Thabazimbi het die wiel aan die rol gesit, en die volgende oogmerke is na ‘n paar telefoonkonferensies aan die Kerkrade voorgelê:

- Ons sal plaaslike produkte, wat ‘iets nuuts’ aan beide gemeentes se lidmate / gemeeskappe bied, met mekaar uitruil in ‘n 50/50 samewerkingsooreenkoms;
- Ons sal die samewerkingspoging as ‘n model toets oor hoe gemeentes oor grense kan saamwerk tot voordeel van die Here se koninkryk.

So het **Worcester-gemeente** 'n **wyn, olyfolie en droëvrugte** lys bymekaar gesit, terwyl **Thabazimbi** 'n **wildsvleis, bosveldhout en jagpakket** lys bymekaar gekry het. Seënoffers uit beide gemeentes het die kostes van die projek tot 'n minimum beperk, en nadat bestellings oor-en-weer vir mekaar se 'produkte' geplaas is, het 'n vragmotor op 27 April met 'n bietjie meer as 30 ton bosveldhout na Worcester vertrek. Twee dae later het die vragmotor met meer as 350 bokse wyn, olyfolie en droë vrugte, plus 'n Nissan-bakkie, sy neus terug Thabazimbi toe gedraai.

Begin Mei het Thabazimbi 'n klein groepie uit Worcester verwelkom vir 'n Langtafel-ete en wynproe saam met so 50 ander gaste, asook 'n tradisionele Bosveld knipmes en spitbraai-aand waar verdere items – onder andere 'n Nissan bakkie – aan die Thabazimbi gemeenskap per veiling beskikbaar gestel is.

Binnekort word die bietjie meer as 250kg biltong, droë wors en wildsalami's aan ons vriende in Worcester gestuur en sal hulle oudergewoonte 'n glasie rooiwyn saam met die smulhappies geniet.

Die Here se Hand was deurentyd in ons samewerkingspoging sigbaar, en het ons die voorreg gehad om te beleef wat Jesus bedoel het toe Hy gesê het ons is 'een liggaam in Christus'. Daar is nuwe vriendskapsbande in Christus gesmee en al is ons kerkgeboue 1500 km uitmekaar geleë, was ons harte vir die projek in 'een liggaam'.

Alle eer aan ons Here wat deur die samewerkingsprojek fondse vir beide kerke se gemeenskapwerk ingevorder het.

Ander nuus

- **Fakulteit Teologie: Johan Heyns Gedenklesing**

  U word vriendelik uitgenooi na die *Johan Heyns Gedenklesing* op *24 Mei 2017* om 18:30 vir 19:00 in die Eeufeessaal, (Vloer 2, Kamer 10), Teologie Gebou, Universiteit van Pretoria.
  Die **spreker** is *prof Etienne de Villiers* [Emeritus professor van die Dept, Dogmatiek en Christelike Etiek, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria].
  Die **tema** is "*Christian Ethics and Secularisation: Business as usual?*"
  RSVP asseblief vóór 18 Mei 2017 by lesego.temane@up.ac.za
  2 VBO-punte word vir bywoning toegeken.

- **Toerustingsgeleentheid: Siekebegeleiding en hospitaalbediening**

  Wanneer: Sondag, *28 Mei 2017* [14h00-16h00]
  Waar: Mootvallei
  'n Uitnodiging aan persone met 'n passie vir siekebegeleiding en hospitaalbediening.
  Twee temas word hanteer: *Die begeleiding van die sieke en gesins/familielede* deur Dr Retha Kruidenier en 'n *Teologiese perspektief op siekte en lyding* deur Dr Jan Botha.
  Koste beloop R 50 per persoon; borge is beskikbaar.
  Bespreek asseblief u plek by *Jan Botha* [076 481 5683], *Retha Kruidenier* [0824138462] of die kerkkantoor [012 3350611].

- **Abraham Kriel Kinderhuis – Nylstroom: Kunstefees**

  Wanneer: ***2-4 Junie 2017*** [Let op na die regstelling!]
  Waar: Shangri-La, Modimolle
  Navrae: Cecile 076 118 2111.

- **CMR Noord: Back-a-Buddy Comrades 2017-projek**

  Magda Vermaak, 'n maatskaplike werker, onderneem op *4 Junie 2017* haar 16de Comrades. Hierdie keer hardloop sy met 'n baie spesifieke visie: die insameling van R50 000 ten bate van die Kinderbeskermings afdeling van die CMR Noord. Kliek hier vir die haar persoonlike boodskap.

- **Excelsus nuus** [Besoek ook www.excelsus.org.za]
  - **2-jaar kursus: VBO-punte - 100**

Leadership in urban transformation - a Premier course offered by the **Centre for Contextual Ministry** at the University of Pretoria.
Dates: **Week 1**: *5-8 Jun 2017*; **Week 2**: *1-4 Aug 2017*; **Week 3**: *16-19 Oct 2017*; **Week 4**: *27-30 Nov 2017*; **Week 5**: *5-8 Feb 2018*
Cost: R5 940 for 5 intensive contact sessions.
Location: University of Pretoria, Hatfield Campus, Theology Building, room 1-38
Contact: Hesmarie Bosman, tel 012-420 4952

❖ Kursus: Brugbediening

'n Premier kursus aangebied deur die *Sentrum vir Kontekstuele Bediening by die Universiteit van Pretoria*.
Datums:
Week 1 - 28-31 Augustus 2017
Week 2 - 6-9 November 2017
Doel: Verandering van predikant in 'n gemeente laat so 'n gemeente in 'n tyd van onsekerheid. Die pad vorentoe is onseker totdat 'n nuwe permanente bediening weer in plek is. Hierdie kursus poog om brug predikante op te lei vir die fasilitering tydens hierdie oorgang periode, en tot voordeel van die gemeente.
Kursusleier: Prof Malan Nel
Koste: R1 900 (VAT Ingesluit)
Punte: 70
Kontak: Hesmarie Bosman, by 012 420 4952, of by Hesmarie.Bosman@up.ac.za om in te skryf.

❖ Nuusbriewe

- **Bybel-Media nuus** [Besoek ook http://bybelmedia.org.za]
  In hierdie week se nuusbrief val die fokus op die jongste *Kerkbode*, die *Junie-uitgawe van LiG* en twee interessante *Bybelkor-publikasies*. [Lees hier verder...]

- **CLF-nuus** [Besoek ook www.clf.co.za]
  Reformasie 500 : **Junie-pamflet** - ***Vrygemaak ..... daarom is ons goed genoeg***
  Bestel gerus hierdie pamflet vir julle gemeente en loop saam met Christelike Lektuurfonds die Reformasie-pad van vrymaking gedurende 2017. *Januarie tot Mei* se pamflette is ook nog beskikbaar indien julle dit misgeloop het.
  Vir bestellings en navrae skakel 021 8736964 of stuur 'n e-pos na order@clf.co.za. Die pamflette is ook aflaaibaar op www.clf.co.za of deur CLF se gratis slimfoon-toep.

- **Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys** [Besoek www.toibo.org.za]
  Indien jy belangstel om TOIBO se **nuusrief** maandeliks te ontvang, kontak *Arina Jooste* by toibo@imaginet.co.za of skakel hulle by 012-362 0660.

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- **Pinkster.**
- **Wêreldwye biddag teen hongersnood (21 Mei).**
- **Mense wat uitgelewer is aan die winterkoue.**
- **Waternood in die Kaap.**

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ Warmbad: Vakature – Jeugwerker

Kwalifikasies en ondervinding:
- ❖ Ondervinding van jeugwerk is 'n aanbeveling.
- ❖ 'n Tersiêre kwalifikasie in jeugwerk.

Sluitingsdatum: *31 Mei 2017*.
Diensaanvaarding: *1 Augustus 2017*.
Vergoeding: Gratis huisvesting word voorsien. 'n Billike vergoeding word aangebied.
Aansoeke: Stuur u CV met twee verwysings, asook 'n kort narratief ter motivering van jou aansoek na: Die Sameroeper, BVD by kantoor@ngwarmbad.co.za

- **Monumentpark-Wes**: **Vakature** – **Deeltydse vaste termyn pos (drie jaar)**
  Aansoekprosedure:
  - Aansoeke sluit om 24:00 op Sondag *28 Mei 2017*.

  Diensaanvaarding: *1 Augustus 2017*.
  Navrae: Mev Lee-Anne Bisschoff: 012 347 7536 of kerkkantoor@monwes.co.za, mnr Marius Mostert 082 781 1654 of mhmostert@gmail.com, dr Martin Lazenby 079 493 4957 of doklazenby@gmail.com.

- **Booysen:** **Vakature** – **Orreliste**
  Datum van diensaanvaarding: *1 Junie 2017*.
  Aansoekers wat minstens 15-jaar ondervinding in orrel- en voorsangbegeleiding het, kan vóór *12 Mei 2017* om 12:00 per e-pos aansoek doen.
  Navrae: Koos Poolman (012) 379 1213 tydens kantoorure Maan-Vry 09:00 tot 12:00.

- **2016 Proponente**
  Kontakbesonderhede van die proponente wat in 2016 gelegitimeer is:
  - *Bernard Barnard* [072 275 7392; bernard.barnard@hotmail.com]
  - *Eddie Brown* [082 305 3972; malmaneddie@gmail.com]
  - *Antje du Plessis* [Kontak haar by 078 095 0616; antjeduplessis@gmail.com]
  - *Berenice Esterhuyzen* [072 794 5928; aesterhuyzen@clinix.co.za]
  - *Jaco Heymans* [084 264 4895; jacoheymans@yahoo.com]
  - *Danielle Laubscher* [082 496 9024; daniellelaubscher317@gmail.com]
  - *Bernice Serfontein* [083 417 5133; bernice.serfontein@gmail.com]
  - *Dirk Steyn* [079 023 8539; dircoeste@gmail.com]
  - *Marileen Steyn* [082 701 3258; marileen.steyn@gmail.com]
  - *Stanwin Street* [079 525 5695; stanwins@gmail.com]
  - *Anandie Vosloo* [083 251 7213; anandievosloo@gmail.com]

- **Vakatures in Kerkbode geadverteer**
  Besoek: *http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/*

- **Lys van leraars en emeriti wat aangedui het dat hulle beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn uit te help** - **Kliek hier**

TEN SLOTTE

BYLAES

PREDIKANTE WEGBREEK GELEENTHEID VIR 2017

DATUM: **27-29 Junie 2017**
PLEK: **Rock Lodge naby Vaalwater**
KOSTE: **VIR DIE SINODE SE REKENING!**

Ons nooi graag al ons kollegas in die sinode hartlik uit na ons eerste predikante wegbreek vir 2017!

Gedurende dié geleentheid gaan daar ruim tyd vir gesamentlike afpaksessies en Bybelgesprekke en rus wees. Verder wil ons sommer oor ons bediening in die algemeen gesels. Dié geleenthede gaan gestruktureerd, maar informeel van aard wees. Daar gaan tyd wees om sommer net saam te kuier en ook te rus.

Die wegbreek is vir die rekening van die sinode. Dit gaan jou gemeente slegs jou reiskoste na een van die sentrale vertrekpunte kos (indien so iets nodig sou wees om te reël). Ons wil kollegas aanmoedig om waar moontlik reëlings te tref om saam te ry.

Vervoerreëlings en presies vanwaar daar uit verskillende rigtings vertrek word, sal met diegene wat inskryf gereël word. Daar word gewoonlik gepoog om kollegas uit dieselfde omgewing te laat saamry. Die sinode kan ongelukkig nie vir die wat met eie vervoer wil gaan wanneer daar saamry geleentheid bestaan, se reiskoste instaan nie.

Ons **program begin Dinsdag 27 Junie 2017 stiptelik om 11:00** by Rock Lodge waar ons sal tuis gaan. Ons poog om die laaste dag (29 Junie 2017) nie later nie as 16:00 reeds terug te wees by die plek vanwaar onderskeidelik vertrek is.

Bywoning van die volle tydsduur is belangrik en daarom kan ons ongelukkig nie toestemming verleen dat kollegas laat kom of vroeg vertrek nie.

Omrede die bywoning van die wegbreek-geleentheid vir elke leraar van ons sinode so belangrik is en die program deeglik beplan is om kollegas werklik te ondersteun en te laat ontspan, **ontvang elkeen wat dit bywoon ook VBO-erkenning.**

SKRYF VANDAG NOG IN!

Inskrywings geskied per e-pos en wel http://www.predikantewegbreek.yolasite.com **of per e-pos by Fanie Cronje** sicronje@mweb.co.za Fanie kan ook in verband met enige navrae gekontak word by 083 415-1452.

Terug

Bybel-Media Nuusbrief 8/2017

Lees in die kerkbode van 19 Mei ...

In Kerkbode van 19 Mei kan ‘n mens lees oor die hofsaak oor godsdiens in skole, oor die nuwe moontlikheid vir eenheid in die NG Kerkfamilie, oor die Vrystaatse jeugkongres en oor verskeie geleenthede wat met Andrew Murray verband hou. Daar is ’n verhaal van ’n jong gelowige wat met vlieë boer uit besorgdheid oor God se aarde en een oor ’n man wat blinde kindertjies leer hoe om met hulle wit kieries in die openbaar reg te kom.
Lees oor ’n kunswerk oor die hemelvaart en oor ’n ander kunswerk wat by die Kweekskool op Stellenbosch opgerig is.
Prof Cas Wepener gesels oor sy skryfwerk en dr Frits Gaum oor die kerk en die hof.

Die Junie-uitgawe van LiG vertel van ...

Ons vier Pinksterdag op 4 Junie, en in dié uitgawe van *LiG* brand ons vreugdevuur hoog, want “die Gees wat God ons gegee het ... vul ons met krag en liefde en selfbeheersing” (2 Tim 1:7)

In die Junie-uitgawe vertel Minki hoe die pad na haar hart loop. Die opera-ster, Pretty Yende, gesels eksklusief met *LiG*. En die ma van 'n blinde seuntjie vertel hoe hy vir haar 'n bril van hoop geword het.

Ons gee raad vir daardie vurige kind van jou en hoe om in elke seisoen van jul huwelik die liefdesvlam hoog te laat brand. Lees ook van al die goeie redes waarom kinders buite moet speel.

Het jy al ooit gewonder watter woorde eer God? En waarom dit belangrik is om deel van 'n gemeenskap van gelowiges te wees? Lees hieroor in *LiG*.

Nuut in *LiG***!** Milanie Vosloo skryf oor stilwees en Lizette Murray oor gesinsake.

Jongste Bybelkor-publikasies ...

Cultivating missional change

Editors: Coenie Burger, Frederick Marais and Danie Mouton
Cultivating missional change reflects extensively on developments in the broad missional movement since the publication of the seminal book Missional church (1998). Purposely looking backwards, it endeavours to discern the way forward for missional theology and missional churches.
This publication is the outcome of a conference on the future of missional theology and missional churches, held in 2015 in Stellenbosch, South Africa.
Price: R390,00 (VAT and postage included). Is Maandag 15 Mei bekendgestel.
Kreatiewe kopskuif ... Heleen Meyer
Kreatiewe kopskuif is ’n leefstylgids met ’n verskil. Daar is 90 handgetekende sketse, elk met ’n kosgedagte waaroor jy kan nadink en ’n praktiese wenk of stukkie raad om te volg terwyl jy jou eerste treë na ’n gesonde leefstyl en kreatiewe kopskuiwe gee.
Om in te kleur is terapeuties. Terwyl jy die handgetekende sketse geniet, dink na oor hoe jy ’n gesonde leefstyl ’n langtermyn-doelwit en lewensgewoonte kan maak. Rig jou gedagtes op iets mooi en kreatief en wees konstruktief terwyl jy besluit hoe om die gedagte of wenk vir die dag prakties deel van jou lewe te maak.
Prys: R160,00 (BTW en posgeld ingesluit). Hierdie week beskikbaar.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Terug

Terug

Magaliesberg Jeugkampterrein

Twee terreine langs mekaar in die Magaliesberg naby Brits. Plek vir onderskeidelik 50 en 100 persone. Binne 'n uur se ry van beide Pretoria en Johannesburg.

Spesiale aanbod:

30% af op besprekings vir datums in Junie en Julie asook November en Desember 2017.

Geld slegs vir bespreking wat gemaak en met 'n deposito bevestig word tussen 1 Mei en 30 Junie 2017.

Kamers met 8 beddens elk. Abblusieblokke. Twee groot toegeruste kombuise. Twee sale. Goeie sekuriteit met nagwagte en toegangsbeheer.

Ideaal vir skool- en kerkkampe, beplanning, spanbou, jeugkampe, leierskampe, natuurkampe, ens.

Navrae en besprekings:
magaliesbergjeugkamp@gmail.com
071 791 6039
www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp

Aktiwiteite wat aangebied kan word: 'n Groot swembad en volley bal baan. Verskeie staproetes. Die boomryke terrein het braaipekke en kuierareas. 'n Rivier vloei deur die terrein.

Magaliesberg Jeugkampterrein

SKRIFINTERPRETASIE EN SKRIFGESAG

Konferensie aangebied deur Noordelike Sinode in samewerking met Excelsus

27 JULIE 2017

TE BRITS

Sprekers: Andries Kritzinger, James Kirkpatrick en André van Niekerk

PROGRAM

08:15	Registrasie	
09:00	Verwelkoming	
09:15	**Sessie 1**	**Skrifinterpretasie, Skrifgesag en 'n verantwoordelike hermeneutiek** Aanbieder: dr James Kirkpatrick met tyd vir bespreking
10:45	Tee	
11:15	**Sessie 2**	**Belydenisskrifte en die kanonisiteit van die Bybel** Aanbieder: dr Andries Kritzinger met tyd vir bespreking
12:45	Ete	
13:30	**Sessie 3**	**Skrifinterpretasie, Skrifgesag en 'n verantwoordelike etiek** Aanbieder: dr André van Niekerk met tyd vir bespreking
15:00	Tee	
15:20	**Sessie 4**	**Toemaak van die gesprekke** Elke aanbieder het 15 minute om die gesprek rakende sy tema toe te maak
16:15	Afsluiting	
16:30	Verdaag	

Terug

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

Die volgende predikante is beskikbaar vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Pieter Berrange*** *[082 925 3634, dspieterberrange@gmail.com]*
- ***Anton Binneman*** *[083 236 3590, drbinneman@gmail.com]*
- ***Gerhard Bothma*** *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
- ***Willie Crous*** *[072 536 6775, willie.crous@gmail.com]*
- ***Corrie Greeff*** *[082 928 5586, cwgreeff@absamail.co.za]*
- ***Zachie le Roux*** *[083 799 5911, zachie.leroux@gmail.com]*
- ***Ernst Muller*** *[012-527-0015 of 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za]*
- ***Fanie Steyn*** *[012-997 5003, 082 441 1500, fsteyn7@gmail.com]*
- ***Stanley Strydom*** *[083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com]*
- ***Wynand van Beek*** *[083 265 1118, wynandbe@nfp.nedbank.co.za]*
- ***Danie van Niekerk*** *[082 045 6881, vanniekerkmail@gmail.com]*

Die volgende emeriti het aangedui dat hulle beskikbaar is vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Jannie Botha*** *[083 303 9767 of 012-344 3768, jjbotha@mweb.co.za]*
- ***Henk Gous*** *[083 267 0108, e-pos: henkgous@mweb.co.za]*
- ***Hennie Horn*** *[082 743 9238 of 012-548 5796, henniehorn@telkomsa.net]*
- ***Anton Jordaan*** *[083 380 0346, adoonsjordaan@gmail.com]*
- ***Casper Krüger*** *[082 387 1099 of 012-348 3205: cek3kr@gmail.com]*
- ***Martin Lazenby*** *[079 493 4957, doklazenby@gmail.com]*
- ***Louis Louw*** *[012-9931574 of 072 461 663, louisklouw@absamail.co.za]*
- ***Barend Piek*** *[072 185 4297, piek.barend@gmail.com of plaaspad@polka.co.za]*
- ***Bertus van der Westhuyzen*** *[082 788 4466, b@telkomsa.net]*
- ***Louis van Deventer*** *[012-567 6566 of 082 567 0945, louisvand@absamail.co.za]*

Terug